



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

14 JANUARIE 2018

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

GEMEENTEBULLETIN

EREDIENSTE

			14 Januarie		21 Januarie	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Visagie	3	Ds. Duvenhage	4
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Geen diens	-	Ds. Breytenbach	6
09:00	Kapel	Meditatief	Geen diens	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Grootsaal	Blokdien	Geen diens	-	Ds. Kotze	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Geen diens	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdien	Philipp Dietmann	11	Ds. Duvenhage	12

OGGENDDIENS

'n Keuse vir 2018

Joshua 24:14-15

DEUROFFER

BADISA

KLANK IN DIE KERK

Ons ontvang sporadies klagtes oor die klank in die kerkgebou. Die Eiendomme-bediening het einde 2017 'n onafhanklike klankkonsultant gevra om die sisteem te evalueer en enkele probleemareas is uitgewys. Ons onderneem om so spoedig moontlik daaraan aandag te gee. Indien u intussen sukkel om die eredienste in die kerkgebou te hoor, meld dit asb. by 'n erediensterwerker of die klankman aan. Dankie vir u geduld hiermee.

STELLENBERG INDABA

Stellenberg Indaba op Saterdag 27 Januarie vanaf 08:30 tot 12:30 in die kleinsaal. Prof. Malan Nel verbonde aan die Universiteit Pretoria sal die gesprek inlei. Ons nooi alle lidmate om te kom saam dink en gesels oor ons gemeente se fokusareas vir 2018. Terugvoer sal ook oor voorstelle van die 2017- Indaba gegee word. Laat weet asb. vir Karin by karin@stellenberg.co.za / 021 976 4519 indien jy die Indaba gaan bywoon. Bywoning is gratis.

NUWE LIDMATE

Hartlik welkom by Stellenberg-gemeente. Besoek gerus ons webwerf www.stellenberg.co.za om meer van ons gemeente bedrywighede te wete te kom. Om aan te meld by die gemeente stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za of besoek die kerkkantoor.

BORG-'N-BERSIE-PROJEK

Die jeugbediening beoog om volgende jaar 3000 kombersies tydens die uitreike uit te deel. Borg 'n bersie deur die SnapScan-kode op die plakkate met jou selfoon te skandeer of gee kontantbydraes by die kerkkantoor af.

KATEGESE REGISTRASIE 2018

Almal registreer vir kategese – al was jy voorheen by die kategese ingeskakel. Sodoende kan ons kontakbesonderhede opdateer.

Voorskool tot graad 7: 21 Januarie om 10:00 in die grootsaal.

Graad 8 tot 11: 21 Januarie om 19:00 in die kerk, na afloop van die jeugdiens wat om 18:00 begin.

Koste: R120 per kind. Navrae: sunet@stellenberg.co.za

VAKANTE LERAARSPOS

Ds. Fay van Eeden, wat na die gemeente beroep is, het na vele oorewegings besluit om nie die beroep te aanvaar nie. Ons sal na die vakansie die stappe rondom die uitbring van 'n nuwe beroep bekend maak.

VATVYF VRUGTEFEES 24 JAN OM 10:00

Kom geniet 'n heerlike oggend as afskop vir die jaar en kuier saam en geniet lekker vars waatlemoen, druiwe en vele meer. Bespreek teen Maandag 22 Januarie om 12:00 by Karin 021 976 4519 of karin@stellenberg.co.za. Bywoning is gratis. Plek: Markplein

KANTOORURE VIR FINANSIËLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot 13:00
en ander weksdae 09:00
tot 13:00.

BREIGROEP

Ons kom weer op 5 Feb.
om 09:30 in die kafeteria
bymekaar. Bring gerus 'n
vriendin saam.

STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

Die sentrum bied
terapeutiese dienste.
Kontak hulle gerus om 'n
afspraak by enige van die
volgende professionele
persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

FOKUSPROGRAM 2018

Ons is opgewonde om gedurende Lydenstyd vanaf 12 Feb tot 19 Mrt vir lidmate 'n spesiale fokusprogram aan te bied.

Tema: 'n Vrygewige lewe

Hoe skakel jy in:

- Woon sewe eredienste by.
- Woon vir sewe weke studiegeleenthede in kleingroepe by, of ons spesiale grootgroepbyeenkomste wat gedurende die sewe weke op Maandagaande aangebied sal word, of werk die studiemateriaal op jou eie deur.
- Bring weer 'n rooi kruis teen jou voordeur of sigbare plek in jou huis aan.
- Sondag 25 Feb - Tydens die groot Lydensweek vier ons Jesus se intog in Jerusalem met 'n groot gesamentlike diens in die kerk.

DATUMS VIR DIE EERSTE KWARTAAL

Sondag 21 Januarie (10:00) Junior kategese registrasie en 18:00 Senior kategese registrasie.

Saterdag 27 Januarie (08:30 tot 12:30) - Stellenberg Indaba.

Dinsdag 30 Januarie - Laaste dag vir kosprojekbydraes.

2 tot 4 Februarie - Graad 6 –en-7-kamp.

11 tot 14 Februarie - Halfweek van gebed. Spreker: Ds. Francois Carr.

12 Februarie tot 18 Maart - Spesiale Fokusprogram. Tema: 'n Vrygewige lewe.

Vrydag 2 Maart - Basaar en Wêreldbiddag vir vroue.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

18 Januarie om 15:00 en 15:45 – Job no. 5 uit Job 11 tot 13: Sofar versus Job!

KLEINGROEPE

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes / jongmense) in die gemeente in te skakel, stuur 'n e-pos aan

navrae@stellenberg.co.za

SNAPSCAN KODE



HELP ASSEBLIEF

- **Helpers by die kafeteria:** Indien jy bereid is om een / twee keer per kwartaal vanaf 09:00 tot 11:00 op 'n Sondagoggend 'n diensbeurt by die kafeteria te neem, kontak asb. vir Sanel by sanel@stellenberg.co.za (Jy hoef nie skottelgoed te was nie).
- **Eredienswerkers:** Ons kort dringend eredienswerkers by al die eredienste. Eredienswerkers heet kerkgangers welkom, deel bulletins uit en neem kollekte op. Daarna kan jy self die erediens bywoon. Diensbeurte is gemiddeld een keer per maand. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za

TIENDEMAANDINSAMELING 2017/18

Dankie aan elkeen wat 'n bydrae vir hierdie insameling gemaak het. Naas ons **maandelikse bydraes** en die **Feesmark** is hierdie insameling die belangrikste bron van inkomste.

Dankie dat u op dié wyse ons gemeente se werksaamhede moontlik maak en so gestalte gee aan die Here se werk hier plaaslik asook buite ons grense. Ons gee geleentheid aan lidmate om nog tot die einde van die boekjaar (28 Februarie) 'n bydrae te maak. Die totaal staan tans op **R 1 308 480** teenoor dié **RI 963 400** van 2016/17.

ABSA, NG Kerk Stellenberg, Tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik Tiendemaand as verwysing.

VAKATURE STELLENBERG-GEMEENTE

Bestuurder Administrasie: Aansoeke word ingewag vir genoemde pos in die gemeente. Die persoon sal verantwoordelik wees vir die bestuur van personeel en administratiewe prosesse binne die kerkkantoor en gemeente. Die geskikte kandidaat moet oor bewese bestuurservaring beskik. Kontakpersoon Marguerite Bester, stellenberg@stellenberg.co.za CV's kan na genoemde epos adres gestuur word. Sluitingsdatum 29 Januarie met diensaanvaarding so spoedig moontlik daarna.

GEBEDSGROEP

Dinsdagaand om 19:00 in die gebedskamer. Gebedsversoeke kan via die webwerf www.stellenberg.co.za/gebedsgroep aan die groep gestuur word.

Daar is ook elke Maandag om 09:15 (slegs gedurende skoolkwartale) 'n Vrouebiduur in die gebedskamer. Almal is welkom.

2018 ALMANAKKE

Is in die voorportale beskikbaar.